VUYANI Safe Haven

NPO: 091-122
87 Cradock Street PO Box 654 Graaff-Reinet 6280 www.vuyanisafehaven.co.za

NOVEMBER 2015

As we enjoy this great moment, we should also remember the children who do not enjoy the care of parents or loved ones.

Nelson Mandela

***Christmas Speech* 25 December 1995**

Kersgroete aan al die Vriende van Vuyani.

In ons laaste nuusbrief van die jaar wil ons julle en julle families 'n Vredevolle Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toewens.

Hartlike dank vir julle belangstelling en wonderlike ondersteuning gedurende 2015

VUYANI SAFE HAVEN – Raad, Personeel en Kinders

George Keller en sy vrou, Trudie, het Suid Afrika onlangs besoek en wonderlike presente vir die Vuyani kinders van Switserland saamgebring. Baie Dankie vir julle omgee en toewyding om Vuyani Safe Haven te ondersteun!

Esther en Renè Klein van Nederland het Vuyani in Augustus besoek met mooi herinnering aan Esther se besoek saam met haar familie, die Gramsbergers, baie jare gelede. Hulle het 'n paar van ons seuns op 'n opsindende inkopietog geneem vir baie nodige klere, skoene en rugsakke!

Hennie Otto, een van Suid Afrika se gholfspelers op die PGA toer, maar ook 'n ambassadeur vir die Christelike organisasie, **Living Ball,** het Vuyani besoek en netbal– en rugbyballe met 'n boodskap van hoop daarop aan elkeen van ons kinders uitgedeel.

AKTIWITEITE VAN ONS VUYANI HUIS

KINDERMUSIK-KLASSE DEUR SANET BRINK— ‘n Onlangse donasie deur ons getroue onder-steuner**, Theo Tijssen - Stichting Nomza-no ,** het dit moontlik gemaak dat die baie bekwame Sanet Brink ook vir die Vuyani kinders die voordeel van Kindermusik kan bied. Sy kom twee maal per week na Vuyani en ons kinders het gou die terapeutiese effek van musiek en ritme begin ervaar, maar ook net die heerlike pret wat musiek en beweging in ‘n veilige omgewing bied.

Die Otto-familie van George, het die 30 Vuyani kinders onlangs bederf met ‘n besoek aan die Desert Spur Restaurant in Graaff-Reinet. Vir die meeste van die kinders was dit ‘n eerste besoek aan die Spur en ‘n onvergeetlike ervaring.

Ervarings soos hierdie doen ongelooflik baie om die gevoel van waarde van ons erg verwaarloosde kinders te herstel en dit kan die veerkragtigheid bied wat nodig is om hul

AKTIWITEITE VAN THANDUXOLO HUIS

Ons dank aan Polka Restaurant en eienaar, Hestie v.d. Mescht, vir die geleentheid wat sy vir Vuyani gebied het om saam met Polka te werk by die onlangse 'Instagram' geleentheid in Graaff-Reinet.

Ons dogters het hul puik van hul taak gekwyt en was waardige ambassadeurs vir Vuyani met hul bereidwilligheid om orals hand by te sit en hul vriendelikheid teenoor die gaste.

Irene de Kock, doen tans haar gemeenskapsjaar as Dieëtkundige by die Midland hospitaal.

Sy het Vuyani se voltydse Maatskaplike werker, Hildegarde Brummer, vroeër die jaar gekontak om betrokke te raak by Vuyani en kon die behoefte vervul om die ouer meisies by ons Thanduxolo huis te help met hul skoolwerk en het ook gereeld saam met hulle gaan draf. Aangesien Irene se verpligte jaar van gemeenskapsdiens in Januarie verstryk en sy heel moontlik uit Graaff-Reinet sal vertrek, doen sy 'n beroep dat ander mense ook betrokke sal raak by Vuyani.

"Ek gaan waarskynlik volgende jaar nie meer in Graaff-Reinet wees nie en my wens is dat God hierdie begeerte op soveel meer mense se harte sal plaas. Daar is soveel geleenthede om ander mense te help in ons daaglikse lewe. Mag ons almal na mense begin kyk met

'n Getroue ondersteuner van Vuyani, Marion Dreelan van Skotland, was met Lathallan skool se besoek in Julie baie beïndruk met een van ons dogters, Kelly. Sy wou graag iets doen om Kelly aan te moedig om haar ideale na te streef. Marion het besluit om vir Kelly 'n kitaar te koop en vir haar kitaarlesse te betaal. Hier is Kelly baie trots besig om te oefen op haar splinternuwe kitaar.

VUYANI Safe Haven

NPO: 091-122 www.vuyanisafehaven.co.za

Bankbesonderhede: FNB Rekeningnr.: 62020166262 Takkode: 210216 **Swift code:** FIRNZAJJ

Aflaaipunt vir tweedehandse klere, ens.: Cradockstraat 87 by Vuyani Safe Haven

Kontant/ Tjeks / Debietorders: Stanley Accounting, Cradockstraat 60

Kontakpersone: Riana v.d.Ahee (PR & Bemarking) 079 425 6077 epos: riana@vuyanisafehaven.co.za

Elaine Stanley (Tesourier) 049 892 4814 email: elaine@stanleyaccounting.co.za

Hildegarde Brummer(Maatskaplike W) 049 892 3740 epos: hildegarde@vuyanisafehaven. co.za

Op Vuyani Safe Haven se Jaarvergadering is die huidige Raad herverkies en het die tesourier, Elaine Stanley, die geouditeerde finansiële state voorgelê.

Die voorsitter, Paul Merifield, het sy jaarverslag gelewer en ook getroue dienssertifikate aan van die staflede oorhandig.

In die foto is Lenie Adams wat 15 jaar diens by Vuyani gelewer het. Voorwaar 'n besonderse prestasie.

Lenie tree aan die end van die jaar af, maar is reeds op die Raad gekoöpteer sodat Vuyani haar jarelange ervaring behou.

DRINGENDE BEHOEFTES van VUYANI:

- Vuyani huur tans die gebou in Cradockstraat. Die Raad het identifiseer dat dit veiliger is as hierdie eiendom deur Vuyani besit word. Hierdie is 'n langtermyn behoefte waarvoor fondse benodig word.
- Terug-na-skool uitgawes vir skryfbehoeftes en skoolklere
- Fondse om anatomies korrekte poppe aan te koop om kinders wat seksueel molesteer is, forensies te evalueer.

STAR DONORS

OORSESE SKENKERS:

Theo Tijssen - Stichting Nomzano * George Keller * Verena Gerber – Kirche Gemeinschaft * Egbert Gramsbergen * Marion Dreelan * Vriende van Sienna Tompkins * Linda & Nick van Hee * Simon Towler* Renè en Esther Klein * Ulrich en Doris Gerber * Nora Weyer, Alex Baade, Ulli Bitzer, Beate Ifland en Elke Weyer van Duitsland

KORPORATIEWE SKENKERS:

Ilead * Shoprite * SPAR* KFC Add Hope * Samara Private Game Reserve *Kudu Motors * Radium Cleaners * Graaff-Reinet Hardeware * Rupert Plase

MAANDELIKSE DONASIES:

*** Maretha Willemse * AOG * MM Johnson* *Linda Botha * Marnus Ochse * ILead * EG Merifield ***

SUID AFRIKAANSE SKENKERS: Harold Steven-Jennings * Jess Hobson

'n Opregte Dankie aan al ons Vriende wat so gereeld donasies by Vuyani aflewer, bv. kos, nuwe– en tweedehandse klere, speelgoed en al ons Vrywilligers wat kinders help met huiswerk en soveel meer . . .

DANKIE AAN ELKEEN WAT ONS DEUR DIE JAAR GETROU ONDERSTEUN HET, JULLE HET DIT MOONTLIK GEMAAK OM VIR 30 KINDERS 'N TUISTE BY VUYANI TE SKEP WAAR HULLE LIEFDE EN SORG KON ERVAAR!!!

Indien ons jou naam weggelaat het, laat weet ons asb. !